




Ou Hollandse
ontwerpe gee
kleur aan die wit
tafeldoek. Dit is
ideaal om saam
met jou Delft
versameling te
gebruik

Dek jou tafel met Delft







saamgestelde motief

foto en aanwysings: Magriet; skelise: Retha Krieg

BENODIGDHEDE

Katoen- of linnelappies van 32 x 32 cm (naat-toelating ingesluit), wat jy aanmekaar kan werk om 'n tafeldoek te maak wat groot genoeg vir jou tafel is.

Borduurgare in die volgende kleure: donkerblou 796; blou 79 en ligblou 798. Skerppunt-borduurnaald. Bypassende gare

AANWYSINGS

Die tafeldoek bestaan uit verskillende blokke van 30 x 30 cm nadat dit aanmekaar vasge-

werk is. Die borduurwerk word gedoen op die afsonderlike vierkante. Kies 'n ontwerp vir die middel van elke vierkant. Vergroot die ontwerp en trek dit met deurslagpapier oor op die materiaal. Op elke hoek van die vierkante word 'n deel van die saamgestelde motief geborduur om die volledige motief te vorm. Gebruik drie draadjies om die ontwerpe mee uit te werk. Borduur die enkellyne in agtersteek en vul die soliede dele van die ontwerpe met satynsteek of lang-en-kort-steek in. Borduur die buitelyne van die spelende kinders

in ligblou, die soliede dele van die windmeul, die bootjie en die buitelyne van die blom in gewone blou en die oorblywende dele in donkerblou.

AFWERKING

Stik die blokke, regte kante teen mekaar, met 'n 1 cm-naat vas. Maak seker dat die hoeke mooi ooreenstem sodat die klein saamgestelde motief een groot motief vorm. Werk die rafelrande met 'n omkapmasjien of met skuinsstrook af. □